INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Publikasie nr. 01 21 8 1 | Datum 81 10 81 15 22 27 | Onderwerp nr. 389 | Dokument nr. 1724

81 8. 15.

DIE TRANSVALER Jg.............. Nr......................... P...6.... Dat...............................

die Transvaler
SATERDAG 15 AUGUSTUS 1981

# Vennote vir veiligheid

DIT gaan nog in vele opsigte so goed met hierdie land se mense dat die dieper boodskap van vandeesweek se vuurpylaanval op Voortrekkerhoogte nie oral helder deurkom nie.

●Dit blyk dat daar 'n toename in die intensiteit van die aanslae is. In die jongste aanval was daar 'n soort manhaftigheid en waaghalsigheid wat tot nou toe nie deur die insypelaars se optredes gekenmerk is nie.

●Soos Die Transvaler gister berig het, is die wapens wat nou gebruik word, van 'n soort wat ontsaglike skade kan aanrig en het dit 'n trefafstand wat die aanvallers in staat stel om hulself in 'n posisie te verskans. Dit maak die polisie se taak om terug te slaan, des te moeiliker.

●Ons moet daarop voorbereid wees om nog lank met hierdie toedrag van sake saam te leef. Dit kan trouens vererger.

Dit maak twee optredes noodsaaklik.

Daar kan van onderhandeling geen sprake wees nie.

Ons het hier met agente van Moskou te doen. Dit sal net 'n wens wees om te glo dat hulle bereid sal wees om vir enigiets anders as 'n algehele omverwerping van die demokratiese bestel in hierdie land te beding.

Terwyl dit nodig is om die permanensie van sodanige aanslae onder die oë te sien, kan daar van paniek en padgee geen sprake wees nie. Dit sal toenemend die taak van ons polisie en ander hulpmagte word om doeltreffend en medoënloos terug te slaan. Dis 'n kwessie van geweld wat met geweld teengestaan moet word. En daarom moet die staat en die publiek ons polisiemag se hande sterk.

Daar is, ten laaste, die politieke aspek van die veiligheidsituasie.

Wat dit betref, wil Die Transvaler sy bekende standpunt weer beklemtoon. Daar moet spoedig en spoediger gesoek word na 'n bestel wat oor die breedste spektrum van ons volke-verskeidenheid aanvaar sal word. Daar is gelukkig nog 'n ruime mate van bereidwilligheid vir die onderhandelingsproses. Dit moet betyds benut word, anders verloor ons binnelandse vennote in die stryd teen die insypelaars.

TREFWOORDE
1 Redaksioneel
2 Voortrekkerhoogte
3 ANC
4 Stedelike Terrorisme
5 Vuurpyle
6 Aanvalle
7 Waarskuwing
8 Polisie
9 Aanmoediging
10 Verandering